**Woensdag 8 Julie**
**Skrifgedeelte: Numeri 12:1-16**
**Fokusgedeelte: Numeri 12:13-14**

## God se genade vir Mirjam

Mirjam en Aäron kom hier in opstand teen die gesag van Moses. Ten diepste gaan dit oor jaloesie. Hulle maak daarop aanspraak dat hulle dieselfde status beklee as Moses: "Het die Here dan net deur Moses gepraat … en nie ook deur ons nie?"

Aäron, wat die straf van melaatsheid vrygespring het, tree vir Mirjam in by Moses oor hulle dwaasheid en sonde. In wese het hulle die tiende gebod oortree deur hierdie begeerte na meer, na dít wat ander gehad het, in dié geval die intieme verhouding wat Moses met God gehad het. Verkeerde begeertes is dus nie net na fisiese goedere nie, maar ook na geestelike goedere.

Moses doen onmiddellik voorbidding by die Here om Mirjam gesond te maak. Daarmee erken hy sy afhanklikheid van die Here. Die Here is bereid om te vergewe, maar Hy laat nie die sonde sonder meer ongestraf nie (Eks. 34:7; Num. 14:18). Hy antwoord dat Mirjam die normale tyd van sewe dae buite die kamp moes deurbring, die tydperk wat die wet voorgeskryf het dat iemand moes wag om van 'n velsiekte rein verklaar te kon word.

God is volkome regverdig en volkome genadig. Hy straf ons sonde, maar nie aan ons wat dit verdien nie, maar aan sy eie Seun. So word ons die voorwerp van sy volkome genade.

*Sing: Psalm 42-1:5, 6, 7*

*Ds. WJ (Kobus) Botha (Bloemfontein-Noord)*